28 FEBRUARIE 2021

Gr R tot Gr 3

praktiese wysheid...

Wat is jou **naam**?

Genesis 17:1-7, 15-16

voorbereiding

Neem saam:

- Voorbeelde van name
- Afdrukke van naamborde vir hulle kamers
- Inkleurkryte en skêrtjies

bid **tyd**

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

gesels **tyd**

Wie van julle het almal troeteldiere? Watter soort troeteldiere het julle en wat is hulle name?
Gee aan die kinders om hul diere te noem en ook hulle name.

Waarom dink julle gee ons vir ons troeteldiere name? Wie dink die name uit? Kan twee troeteldiere van jou dieselfde naam hê?

Party mense het meer as een naam. Party het hulle name van hulle oupas of oumas gekry of 'n naam gekry wat iets beteken. Weet jy dalk wat jou naam beteken? Wie se naam het jy gekry?

Het jy dalk byname? Hoekom gee mamma of pappa soms vir ons byname of spesiale troetelname?

Name is baie interessant. Sommige name beteken iets spesifiek en ander is sommer omdat dit 'n mooi naam is. Party name is 'n kombinasie van twee of meer name, of 'n gemengde naam van mamma en pappa. Maar die rede waarom ons 'n naam het, is sodat mense met my kan praat en wanneer ek my naam hoor, weet ek hulle praat nou met my en nie die persoon langs my nie.

gesels **tyd** (vervolg)

In die skool merk ons mos ook alles wat aan ons behoort met jou naam. Jy skryf jou naam op jou skooltas en op jou skoolboeke. Wanneer jy 'n toets skryf, skryf jy jou naam bo op die bladsy sodat juffrou weet dit was jou toets wanneer sy dit merk en so kan sy die punte wat jy gekry het, by jou naam aanteken.

Wanneer ons byvoorbeeld rugby kyk, het die span vir wie ons skree, mos ook 'n naam. So het alles in die lewe name.

Waaraan kan julle nog dink wat alles name het?

Speletjie: Krappe en kraaie. Deel die groep in 2 spanne. Een groep is die krappe en een die kraaie. Hulle staan teenoor mekaar. Wanneer jy krappe skree, moet die krappe die kraaie jaag en vang voor hulle by die eindstreep kom. Dan word die wat kraaie was wat gevang was, ook krappe. Laat groepe weer reg staan en roep weer 'n naam uit en laat die span die ander jaag. Roep sommer krewe of krane tussendeur. Die wat dan hardloop is uit.

sing **tyd**

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

Liedboek 177 Jesus, groot bo almal
Jesus, groot bo almal
Sterke verlosser, magtige Heer en Heiland
Immanuel, God is met ons
Reddende Here, lewende Woord

Liedjie: Ek is so bly
Ek is so bly oor die vrede wat ek kry
Deur aan die Here oorgegewe te bly
Ek is so bly oor die vrede wat ek kry
Deur aan die Here oorgegewe te bly

En ons stap nou waar die Here ons lei
En omdraai sal ons nie
O ja ons stap nou waar die Here ons lei
En omdraai sal ons nie

Kom kom kom
Voorwaarts, kinders van die Here
Voorwaarts, kinders van die Here
Voorwaarts, kinders van die Here
Ons gaan waar die Here ons lei.

BYBEL tyd

Ons het verlede week gesien dat God ‘n verbond met Noag gesluit het. Dit is ‘n belofte wat Hy gemaak het.

Hierdie week lees ons verder ook in Genesis dat God weer ‘n verbond sluit. Maar die keer met Abram. God maak ‘n belofte teenoor Abram om hom ‘n groot nageslag te gee met die opdrag ook om God te dien. Hierdie belofte of verbond wat God vir Abram gee, stop nie net hier by Abram nie, maar sal nog aangaan vir baie geslagte. En weer gee God ‘n teken saam met die verbond. Kom ons lees wat staan in die Woord van die Here en dan luister julle mooi wat is die teken van die verbond die keer?
Lees voor uit Gen.17:1-7 en 15-17

God het toe Hy die verbond met Abram gesluit het, Abram se NAAM verander van Abram na Abraham toe en Sarai se naam verander na Sara. Die teken die keer was die name wat verander het.

God het hulle name verander om vir almal om hulle te wys dat hulle lewens nou verander en geseën sal wees. En dit was. Abraham en Sara het swanger geraak en ‘n baba Isak in die wêreld gebring. God het Sy belofte en verbond na gekom. Al het Abraham en Sara net een kind gehad, het hy weer kinders gekry en sy kinders het kinders gekry en so het sy nageslag groot geword en was hulle geseënd.

Maar dit is ook nie waar God se genade stop nie, want uit die nageslag van Abraham is Jesus ook later gebore en deur Jesus het God vir ons verlossing gebring. Jesus het ons kom vry maak van alle sonde. En wanneer ons Jesus se liefde aanvaar en dankie sê dat Hy ook vir my aan die kruis kom sterf het, dan verander God ook my naam na Christen toe. Almal is nie sommer net vanself Christine nie. Party mense dink hulle is Christine omdat hulle groot word in ‘n huis waar pappa en mamma vir hulle van Jesus vertel. Maar dit alleen maak nie van ons ‘n Christen en Kind van God nie. Net as jy glo dat jy nie jouself kan red nie en jy glo dat Jesus ook vir jou aan die kruis kom sterf het, kan jy die naam Christen, en Kind van God kry.

Glo jy dat Jesus ook vir jou kom sterf het? As jy dit glo bid saam met my:
Here Jesus, dankie dat U mens geword het om aan die kruis te kom sterf om al my sonde weg te was. Ek sal nooit ‘n plek by U kan koop of verdien nie, maar U liefde ook vir my, het dit moontlik gemaak. Jammer vir al my sonde. Was my skoon. Help my om nie weer sonde te doen nie. Help my om soos U kind te lewe. In Jesus naam.
Amen

doen & leer tyd

‘n Naambordjie vir my kamer...

Ons hou mos daarvan om iets wat aan ons te behoort te merk met ons naam. Vandag gaan ons naambordjies maak vir ons kamer. Jy kan dit teen jou deur op plak om jou kamer te merk.

Elke keer wanneer iemand jou op jou naam noem, of jy sien die naambordjie, moet dit jou herinner dat Jesus jou op jou naam ken. En dat Hy jou ook graag Sy kind wil noem.

groet tyd

Dankie Jesus dat U my op my naam ken en ook vir my U kind maak.
Amen



‘n Naambord vir my kamer.

Knip die raam uit en versier dit en plak dit teen jou kamerdeur vas.

Dit is

. . . . . .

se kamer.